# Honde-vriende byt nie!



Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

**www.naturebased.education**

ISBN 978-0-9946786-0-7

Illustrasies: Pandora Alberts

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST

ONE HEALTH ONE WELFARE

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

Louise van der Merwe

Managing Trustee | The Humane Education Trust

Director | Nature-Based Education  Cape Town, South Africa

Mobile | 082 457 9177

Email | education@naturebased.online

Website | www.naturebased.education

Proudly a member of the World Link Coalition




'n Wedloop teen tyd
Noodoproep! Neem dit!
Reg so, maat!
Slagoffer babaseun... Hondebyt!
Oe-oe. Moontlik hondsdolheid. Kom ons stel ondersoek in!
SIRENE AAN!
KLIK!
WEEEEEEOOOOOOOOOOOOON!
Hier's my seun. Daar's die hond wat hom gebyt het.
Kyk my mooi trok!


Waar het hy seergekry?
Hier, kyk die merk op sy been.
He-he-he! He-he!
Dis nie 'n hondebyt nie!
Oukei, jong. Sê my waar kry jy daai eina?
WAAAAH!
Sal hy oraait wees? Ek weet hoe gevaarlik is hondsdolheid. Ek het gedink die hondjie...
Daar's geen probleem nie. Geen byt, geen bloed. Oulike hondjie. Geniet hom.
Haha! Wens alle hondebyt verdagtes was so oulik!


Daar is basies drie soorte hondebyte. Eerstens- die SAGTE byt. Die vel is nie gebreek nie. Was net met seep en water. Die kliniek of ambulans is onnodig!
Die tweede is 'n KRAPMERK. Die vel is gebreek maar dit bloei min of glad nie. Vir veiligheidsonthalwe gaan kliniek toe, hulle sal jou help.
Die derde kategorie is ernstig! Dit is wanneer die hond se tande die vlees gepenetreer het en daar is BLOEDING!
DAN MOET JY 'N AMBULANS ROEP!


Totsiens! Dankie julle!
Tatatatatata!
Totsiens julle! Goed gaan! Onthou wat ek gesê het!
Baai, Mama!
Dink jy Mama het daai oulike hondjie met 'n krokodil verwar? Huh, Sisi Nqobile?
Skaam jou, Bheki! Sy was bekommerd oor haar kind! Nou's sy getroos en ingelig.
BLEEEEEP! NOODALARM! HONDEBYT!
Nog een! Kom ons hoop hierdie een is nie weer 'n valsalarm nie! Ons kan nie kanse vat nie.
Nee! Maar ek wens dit was altyd so... Geen noodgevalle ooit weer nie!
KLIK!
SIRENE AAN
NEE, Slimjan Nqobile! Dan sou ons sonder werk sit!
Gits!
AMBULANCE


AAIEEE!!
YAAAIEEE!!
STAAN OPSY! LAAT ONS NOU DEUR!
AHAIEEE! AHAAEEE!



Bring baie water. GOU!
Lê nou stil, meisiekind. Ons wil jou help.
AAHAA! DAAI SEEP BRAND! AAAAAH!
KUB KUB
KUB
Hoekom doen jy dit aan haar? Dit is al klaar so seer!
Dis die belangrikste deel. Sodra enigiemand deur 'n hond gebyt is, moet die wond met seep en water vir minstens tien minute gewas word, maar nie in 'n bad nie, dit moet LOPENDE water wees!



Nog water! Ons is nog nie klaar nie!
Hoekom doen julle dit langs die pad? Hoekom vat julle haar nie hospitaal toe nie?
Daar is die risiko van hondsdolheid! Die byt van 'n besmette hond met hondsdolheid kan ook die slagoffer besmet. Jy moet vinnig optree! Dis 'n wedloop teen tyd!
Reg! Ons pasiëntjie gaan hospitaal toe. Mama, kom ry saam. Sy het jou nodig!
Hoe kan ek dankie sê? SNIK...
Dis ons werk! Mevrou kan u kind bystaan en kyk dat sy die nodige sorg kry.



Dis nog nie verby nie, Mama. Jou dogtertjie sal vir twee weke inspuitings moet kry om hondsdolheid te voorkom. Dit is BAIE, BAIE BELANGRIK!
Ek hoor jou, Nqobile.
Raai wat, Juffrou! Ons gaan die sirenes LOEI! Sommer net vir jou!
HOSPITAL
Ja, Suster. Moontlik 'n hondsdolheidgeval van Noordwalle.
Sal ons nou daai koffie probeer...?
BEEEP!
NOODGEVAL!
Nee-eee, Bhekisisa! Ons is alweer oppad!




Dawid se aaklige vakansie
Hallo! My naam is Dumisani. Dawid is my beste maat.
Ons is saam in Graad 4.
Hallo!
Vroeg Maandagoggend het ons groot geskrik!
Haai, Dumisani! Wat is fout met Dawid?
Huh?
Oeee...
Ek het hom voor die naweek laas gesien! Hy't gesê hy gaan by familie kuier.
Aaaagh!
Ag nee! Wat het jy gedoen?
Waarvoor is daai groot verband, huh?
Dit lyk verskriklik!
Ouens, dit was 'n aaklige vakansie.


'n Hond het my gebyt! Hier's hoe...
'n Lang naweek was op hande.
Donderdag en Vrydag was vakansiedae. MAAR...
Dawid, ek moet die naweek werk.
Ek stuur jou na my broer en sy familie toe.
Maa-aa! Ek kan alleen hier bly. Ek's nie 'n baba nie. Of ek kan by Dumi gaan bly. Asseblief!
Jy kan nie alleen hier bly nie! Enigiets kan gebeur! Ek't klaar met Boet gesels.
Hy verwag jou vanaand.
Ma, ek kom nie oor die weg met my neefs nie!
Ek sou baie liewer by Dumi...
Dawid! Ek het nie tyd hiervoor nie! Gaan pak jou goed in.
NOU!
En dit was dit! Tel my gevoelens glad nie?
SPORT


Die taxirit oor die berge het amper twee ure geduur. Die mense in die taxi was baie gaaf. Selfs my neefs het bly gelyk om my te sien.
Baai! Geniet die res van die rit!
Hi, Dawid, man!
Ja, neef! Hoe gaan dit?
Ek kan daai hond nie onthou nie.
O, hy's al langer as 'n jaar by ons. Hy's vreeslik kwaai! Moenie te naby gaan nie...
Dinge het goed begin, maar teen Vrydagmiddag....
Ek's verveeld!
Ja, ek ook!
Kom ons terg die hond


Kry stokke.
NEE! Dis wreed! Die arme hond verdien nie so-iets nie!
O nee. Dit gebeur alweer.
Ons maak hom nie seer nie! Net 'n bietjie pret!
Ek's seker hulle gaan my doodmaak. En ek's vas. Kan nooit ontsnap nie!
Hier kom hulle...
Hy kruip weg! Gooi klippe teen die drom!


HAAAI! HAAAI!
HA HA HA
STOP! STOP DIT! Julle is regtig wreed!
O? Waar kom die grootbek nou vandaan, huh? HUH?
Jy's net 'n klaende klein papbroek! Hoekom moet ons in elk geval met jou opge-skeep sit? Ek gaan jou 'n les leer!
Ooee-oo! Hier's moeilikheid! Oe-oo!
Oo-eee! OO-eee! Oo-eee!
Nou gaan hulle daai ander seun aanval...
Kaboutertjie, jy gaan ook hierdie hond terg!
KAPLAKS!
NEE! LOS MY UIT!
HUH! WAT NOU?


Niemand moet naby my kom nie! Hulle's vyande!
HRRRRRRRRRRRRRRRR!
Ek sal baie vinnig moet spring en die skoen gryp.
Sssah! Sssah! Byt hom!
AAAAUGHHHHHH!!!
HELP!!
AAAAAAAH!
HRRRRRRRRRRR
HRRRRRRRRR
Oe-oe. Ons beter hom daar wegkry.
Trek! Trek!
WAT DE #*&@ GAAN HIER AAN?
Dis Pa! Hol!
WAAAAAAH!
My neefs het die bosse in gevlug by die rivier. Hulle was te bang om huis toe te gaan.


Suster Radebe het ons by die hospitaal ingewag.
Hierdie was 'n baie dom ongeluk! Totaal en al ONNODIG!
Ek het Dawid vir hondsdolheid behandel. Die kliniek gee hom inspuitings vir twee weke tuis...
Weet julle hoeveel hondebyt gevalle sien ek weekliks? En veral omdat mense net onverantwoordelik is!
My oom het my toe vir die res van die naweek baie bederf.


Sondagaand... huistoegaan tyd.
Die taxi is hier.
Ek sou graag jou vriende wou wees. Maar ek's te bang...
Ek sou graag jou vriende wou wees. Maar ek's te bang...
Wel, ouens, dit was my aaklige vakansie. Ek hoop julle s'n was beter!
Is jou neefs gestraf vir wat hulle aan jou gedoen het?
Wel, kom ons sê net hulle sal die hond nooit weer terg nie.
Gaan jy nou vir altyd bang wees vir honde?
Snaaks, né. Ek's bang vir daai hond. Maar hy't my net gebyt omdat hy mishandel is.
Maar ek wil hom graag probeer help!
Aaag nee! Jy's laf! En jou ma sal die horries kry.
Dis 'n baie ongelukkige familie, Dumi. Ek voel dat ek 'n verskil moet probeer maak.
Die skoolklok lui vir klastyd...
Komaan!
En... Dawid het 'n droom. Die storie het oor seerkry gegaan. Nou moet genesing plaasvind!




Knorrige Charlize
EEEEEEEE!
KRAP!
KRAP!
Kyk, Tumi! Pa het 'n verassing vir jou!
Ooe! 'n Hondjie? Pa, jy't my 'n hondjie belowe...
Hele pad uit die stad, op die bus!
Pa, sy's lieflik! Dankie, dankie!
Gee haar vir my! Sy gaan MY hond wees!
Nee, sy's MYNE! Gee hierso! Laat EK haar vashou!
Mamma!
Wie's hierdie vreemde mense? Ek's moeg! Ek's dors! Ek wil my mamma hê!
Ek gaan haar Charlize noem!



Dis my beurt! Ek het die hondjie lief! GEE!
Nee, sy's myne!
LUISTER JULLE MOOI! Charlize is my hond! Julle moet haar saggies hanteer!
Sy's net 'n klein baba hondjie!
Maar Tumi moet skool toe gaan. Die kindertjies en hul maats speel rof met Charlize.
Ooee! Sy's kwaai!
Ek word aangeval! Ek sal moet veg!
FLAP! FLAP!
YIP!
Hieee hieee! Sy jaag ons!
Ooee! Charlize!
Ooee! Charlize!
Charlize, mense sê vir my jy's nou 'n knorrige, byterige hondjie.
Ek's net vir jou lief!
Dis waar, Tumi. As ek uitgaan moet ek Charlize vasmaak.
Ek's so moeg vir hierdie agterplaas! Waar's Tumi? Sy moet my kom help.


Charlize het 'n nuwe vriend - Skuzani die skaaphond.
Jippiee! Ek's lus vir avontuur!
Ek sal jou wys waar ek hase jag. En uit 'n goeie vullisdrom vreet. Ek gooi hom om!
'n Lang jaagtog in die hitte. . . Die haas ontsnap ALWEER!
Ah-ah-ah! Hoekom vang jy nooit die haas nie? Ons kon hom opeet!
Ek's 'n herders-hond! Maar vullis is 'n ander storie.
NJAMMIES! Hier's sappige happies!
Maar motors jaag is die beste!
HAH! WEG IS JY!
HOND!
HAAAI! HUISTOE!
HRRRRRAH!!!
RrrrRRAAH!!!
HRRRRAARH!!
NEE!!! Charlize!!


Die honde het vlooie en bosluise. Welsynwerkers kom dip hulle.
Iemand vang daai kleintjie! Sy's nog nie gedip nie.
Nee! Dis Charlize. Almal is bang vir haar. Sy word nooit gedip nie. Sy gaan nog bosluiskoors kry.
UK!
DIP
Los my net uit!
GRRRR!
Een aand...
Ons kondig 'n hondsdolheid-epidemie aan! Die Staatsveearts begin 'n landwye veldtog om alle honde in te ent...
NUUSBERIG
O nee! Dit klink ernstig!
Pa, wat's hondsdolheid?
'n Dodelike siekte wat deur hondebyt veroorsaak word.
CHIPS
Ek het 'n slegte voorgevoel! Iets gaan gebeur...


Die Departement van Landbou stuur Dieregesondheidstegnikus Ronny Modisane dorp toe. Hy het 'n groot taak.
Net 'n vinnige inspuiting wat elke drie jaar herhaal moet word. Ek moet elke hond in die dorp inent!
Hier's my kleinboet! Hy byt ook!
Jammer Tumi is by die skool. Niemand anders kan Charlize vir haar inenting optel nie!
Charlize kan 'n gesondheids risiko word. Jammer, ek sal moet maar aangaan, ek het te veel werk hier om tyd te mors.
Ronny verrig ongelooflik baie. Al die honde in die dorp is ingeënt... Almal behalwe "knorrige" Charlize.
Baai, Ronnie!
Baai, Ronnie!
Ons kon Charlize nie hanteer nie, Tumi. Sy's nie ingeënt nie.
O nee! Arme klein hondjie! Sy kan hondsdolheid kry!


Skuzani en Charlize jaag alweer karre!
YIP-YIP !
GHRRRAAH!
Voertsek, jul pestige brakke!
SSSA! CHARLIZE!
Ooee! 'n Trekker! Daai vet hobbelrige bande!
CHARLIZE!
TUMI, KOM GOU! Charlize is raakgery! Sy't seergekry!
Mannetjie, dis 'n klaskamer hierdie! Tumi is besig!
NEE, NEE MENEER! Charlize byt almal! Ek moet gaan! ASSEBLIEF!


O Charlize! Moenie doodgaan nie!
Jammer, klein dogtertjie! Dit was 'n ongeluk, glo my.
Tumi en haar ma kry 'n saamrygeleentheid veearts toe.
Sy's baie gelukkig. Sleg gekneus maar geen frakture nie. Ons sal haar moet dophou. Ek sal iets gee vir skok en pyn.
Sy sal moet terugkom om ingeënt en reg-gemaak te word.
Lê stil, Charlize.
Charlize is nie behoorlik gesosialiseer nie. Sy's 'n probleem in die dorp en 'n gevaar vir haarself.
Hoe kan ek keer dat Charlize mense byt?
Wel, dis laat om te begin, maar sy moet mense kan vertrou. Sy verdien respek. Losloop in die pad is ook uit. Asook vasmaak...!
WAAR IS EK? Wat 'n aaklige droom!


Sy gaan oukei wees!
JIPPIEE! CHARLIZE IS TERUG BY DIE HUIS!
Die dokter sê ons moet onthou hoe klein Charlize is. Geen rowwe speletjies meer nie. Ons moet haar beter versorg.
Wat maak jy nou?
Ek het vir julle 'n verrassing!
Vir ons?
EK'S ERNSTIG!
Hou hierdie Hek toe of daar is moeilikheid!!
Hou hierdie Hek toe of daar is moeilikheid!!
Jammer, niks meer karre jaag nie, Skuzani.
En totsiens lekker vullis!
Drie maande later..
Charlize is reggemaak. En sy't al haar inentings!
Ons speel baie saggies met haar. Sy's nie meer so kwaai nie.
Eintlik is hierdie kinders nie so sleg nie!

# 5 VRYHEDE vir DIERE

Onderskryf deur die

Wêreld Organisasie vir Dieregesondheid (WOAH)

Vryheid van honger en dors

Vryheid van ongemak

Vryheid van pyn, besering en siekte

Vryheid om normale gedrag te beoefen

Vryheid van angs en vrees

Die wêreld herdefinieer sy verhouding met diere, beweeg weg van oorheersing en uitbuiting na respek vir hul ontsaglike gevoel.

ONE HEALTH ONE WELFARE

Kopiereg:
Kopiereg vir hierdie publikasie word voorbehou deur die
The Humane Education Trust
en mag in geen alternatiewe formaat gereproduseer word nie.

Hierdie hulpbron is gekies deur die Departement van Basiese Onderwys as
Leer-, onderrig en ondersteuningsmateriaal wysbeleid (LOOM) 2022
vir Projek 1601 - POGDOO7629

Onderskryf deur die
**Wêreld Organisasie vir Dieregesondheid**

World Organisation
for Animal Health
Founded as OIE